# Tjokkie WEEKBLAD

11 April 2025 Uitgawe: 1/2/2025

## UIT DIE KANTOOR

Net só is die kort vakansie verby. Welkom terug aan al ons Tjokkie-leerders en hulle ouers. Hierdie gaan weer ’n propvol kwartaal wees. Daar is darem ’n paar vakansiedae in April vir diegene wat nie verlede week bietjie kon ontspan het nie.

Soos voor die vakansie gekommunikeer, was daar heelwat toere en toernooie wat plaasgevind het die vakansie. Ons leerders het regtig baie goed presteer al het die weer soms ’n invloed gehad op die wedstryde. Ons is egter dankbaar vir die ouers wat aan hulle kinders die geleentheid gegee het om hieraan te kon deelneem. Waardevolle ondervinding is opgedoen en ek glo van harte dat ons nou reg is vir die komende seisoen.

Ons is ook baie bly die Voortrekkers is veilig terug na hul kamp by Doornkloof. Baie dankie aan die ouers wat as offisiere saamgegaan het en die kinders kalm gehou het toe die bus bietjie in die modder vasgeval het.

Net die volgende belangrike sake om van kennis te neem:

- **Rapporte en oueraand:** Die leerders ontvang vandag hul rapporte vir die eerste kwartaal. Gaan asb. saam met u kind deur hierdie verslag en identifiseer moontlike probleme waaraan gewerk kan word. Die oueraand vir gr. 1-7 vind op Dinsdag, 22 April plaas.<br>Kontak asb. die kantoor om vroegtydig (Ma - Do) om ’n tydgleuf te boek wanneer u behoefte het om met die betrokke vakonderwyser of klasonderwyser te kom gesels. Die oueraand sal strek van 16:00 – 19:00.

- **Sportdae:** Op Saterdag, 12 April, vind heelwat sportdae regoor die stad plaas waar baie van ons leerders by betrokke is. Tjokkies bied die o/7 Rugby- en Netbaldag aan. Baie sterkte aan elke speler wat deelneem. Baie dankie aan ons Gr.1 ouerkomitee en helpers wat bereid is om te kom help om van hierdie *“Tjokkiedag”* ’n sukses te maak.<br>**Let asb. daarop dat daar môre ’n toegangfooi van R10 by alle skole wat sportdae aanbied gehef gaan word vir volwassenes en hoërskoolkinders, asook hier by Tjokkies. Dit word uitsluitlik aangewend om die kostes vir die noodhulp van die dag te betaal.**

- **Kermis:** As gevolg van die eerste Wesgrow ligawedstryde wat op Woensdag, 16 April plaasvind (ons het hierdie bepalings eers ontvang nadat die kalender gedruk is), moes ons noodgedwonge die kermis met een dag aanskuif. Dit vind nou op Donderdag, 17 April plaas. Alle reëlings bly dieselfde. Dankie aan die ouers op die kermiskomitee wat vinnig by hierdie reëlings kon aanpas. Die Kermis sal vanaf 8:00 – 12:30 plaasvind waarna u u kind kan kom afhaal vir die langnaweek. Skole begin dan weer op Dinsdag, 22 April.

  **Bring kontant saam vir ysies, koeldrank, "slushies" en lekkers asook vir daardie iets ekstra wat nie vooraf bestel is nie.**


## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 12 April: | Rugby- en Netbaldae |
| | Tjokkie o/7-dag |
| | ATKV-Redenaars (Welkom) |
| 14 April: | Netbal: o/12 & o/13 Motheo-proewe |
| | Finkomvergadering |
| 15 April: | Skaakliga |
| | Netbal: o/12 & o/13 Motheo-proewe |
| | Rugby: Vrystaat o/12 & o/13 proewe |
| | Voortrekkers: Kommando bestuursvergadering |
| 16 April: | Wesgrow-liga @ Fichardtpark (Rugby/Netbal) |
| 17 April: | Kermis |
| 18-21 April: | Paasnaweek |
| 22 April: | Oueraand Gr. 1-7 |
| | Hokkie: o/12 & o/13 *"Night League"* |
| | Skaakliga |
| 23 April: | Beheerliggaamvergadering |
| 24 April: | Rugby-/Netballiga |
| 25 April: | *"Anti-Bullying"* opvoering (William Walker) |
| | ATKV Redenaars - Bethlehem |

## ANDER

**Personeelsake:**

Ons verwelkom graag vir juf. Louise Jacobs as nuwe Gr. 3-onderwyser by Tjokkies. Juf. Louise is reeds ’n gesoute onderwyseres met baie ervaring. Sy is aangestel in die plek van juf. Lianza Grobler wat na die Remediërende afdeling geskuif het. Ons vertrou dat juf. Louise vinnig by ons sal inskakel en deel van die Tjokkie-familie sal word.



## VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 13 April: | Mev. Daleen Vermaak (Finansies) |
| 16 April: | Juf. Mariandel Nortje (Gr. 2) |
| 17 April: | Mev. Sanet Horn (Kleuterskool) |
| 19 April: | Mnr. Simon Nieuwoudt (Gr. 6) |
| 24 April: | Juf. Louise van Blerk (RO) |

## VAN DIE MAMMAS WAT BID

PSALMS 150:6 AFR53
[6]  Laat alles wat asem het, die Here loof! Halleluja!

PSALMS 103:2 NLV
[2] Ek wil die Here prys en nie al sy goeie dade vergeet nie.

In die harwar van ‘n besige lewe vergeet ons soms klomp goed. Partykeer juis die belangriker dinge in die lewe...
Psalm 103 herinner ons om nie te vergeet nie; om aspris God se goedheid in ons lewens te onthou en dankbaar te wees!

Dankbaarheid is nie eers ‘n gevoel nie, dis ‘n dissipline en wanneer ons gereeld God se goedheid intensioneel onthou, verander ons perspektief van vrees na geloof en van kommer na aanbidding.

Om nié te onthou nie, lei na ondankbaarheid, negatiwiteit, kommer en ongeloof...alles vrede-stelers! Mag hierdie propvol, besige tweede kwartaal vir jou inhou emmers vol danlbaarheid en hope geloof...en God se vrede en rus daarby!




**Privaat hokkielesse vir leerders van graad 1 tot 7**

**Waar:** Tjokkies se sportvelde

**Hoeveel kinders per sessie:** 4 kinders per sessie

**Tye van oefeninge:**

Maandag tot Donderdag. Tye sal nog beskikbaar gemaak word of privaat gereël word.

**Prys:** R100 per sessie per kind

Kontak **Luhan van der Westhuizen** vir meer besonderhede. Oud-Tjokkie, 19 jaar oud en was van graad 6 tot 12 'n Suid-Vrystaat hokkiespeler.

**Sel:** 066 472 1833

STEWARTS & LLOYDS

Your Preferred
**Local Supplier** of
**FLUID CONTROL**
PRODUCTS IN
**BLOEMFONTEIN**

FREE DELIVERY
T&CS APPLY

**R4023** 95 Incl. VAT
COMBO DEAL








*1000lt Vertical*
***Water Tank***

*CRI CPV 15*
***Press Control***

*SKM50 0.37KW 230V*
***SALFLO Pump***

*****VALID FROM 9 APRIL – 15 APRIL 2025*** WHILE STOCKS LAST*****

42 Mill Street – HAMILITON INDUSTRIAL SITES – BLOEMFONTEIN

www.stewartsandlloyds.co.za
**051 434 3951**
Bloemfontein@sltrading.co.za



# Tutor beskikbaar




My naam is Riané en ek is ñ 22-jarige student wat smiddae beskikbaar is as ñ 'Tutor', sommer in die gerief van u eie huis.

Ek is pligsgetrou, stiptelik en verantwoordelik en doen al vir die laaste 2.5 jaar privaat tutoring vir Laerskool maatjies. Dit sluit in huiswerk & voorbereiding vir toetse en eksamen. Dit is my passie om met kinders te werk!

Ek het my eie betroubare voertuig, asook ñ geldige rybewys. Ek het ook ñ CV en verwysings beskikbaar op aanvraag.

Kontak my gerus op WhatsApp by 060 571 4902.



Kia Sonet
The best just got better.
KIA
SONET GP
From
R3 699pm
Cash Price
Deposit
Terms in months
Balloon
On a step payment plan.
R299 995
10%
72
0
Ts & Cs apply. E & OE.


Touching Hearts
MINISTRIES
NIGHT RUN
FUND RAISER
5km Run / Walk
Friday 11 April 17:30
Novel Wellness Centre
9 New Market Road Groenvlei
R30 Entry Fee (payable @ event)
Remember Flash light / Head lamp
Dogs welcome (on leash)
Stalls: Coffee and snacks etc.
For queries
WhatsApp 082 471 9292
NOVEL WELLNESS CENTRE
FIT 48
THE RUNNING EDGE